Les 18 : Die Huweliksverbond

'n Verbond is 'n heilige, bindende ooreenkoms tussen twee partye; elk met 'n verantwoordelikheid wat binne die verbondsooreenkoms uitgevoer moet word. "Beriyth" is Hebreeus vir die woord verbond en die hiëroglifiese woord prent is "*die verseëling van die werk van die familie van die Allerhoogste, Yahweh"*.

Yah Yahweh en Yahshua Yahweh is 'n familie, daarom vorm die huweliksverbond die kern van die ordelike struktuur vir die gesinslewe van die mensdom. Die huweliksverbond is volgens rekord die oudste ritualistiese seremonie en dateer terug na die skepping van die mens (6000 jaar) en vorm die ruggraat van die beskawing. Geen ander verbond met sy uitvoerbare seremonie word nogsteeds deur alle mense uitgevoer, ongeag van geloofsoortuiging of land van herkoms nie. Definitief is daar 'n rede hiervoor.

Benewens die feit dat die huweliksverbond die oudste is, is dit ook die heiligste verbond tussen man en vrou wat slegs ontbind kan word deur die afsterwe van een van die eggenote. In die les word die huweliksverbond vanuit die Skrif bestudeer sodat ons kan weet wat die vereistes van die verbond is en hoe om aan daardie vereistes te voldoen.

Tydens die huweliksverbond ooreenkoms van byna alle huwelik seremonies, ongeag van die betrokke geloofstinstelling, doen die man en die vrou 'n gelofte aan Elohim, voor getuies om die huweliksverbond te eer, en die verbond is van krag totdat een van die eggenote afsterf.

18.1 Yahweh hou die mens verantwoordelik om 'n gelofte van 'n verbondsooreenkoms te vervul wanneer dit geneem word.

Deut 23:21 As jy aan Yahweh jou Elohim 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want Yahweh jou Elohim sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.
Deut 23:22 Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
Deut 23:23 Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan Yahweh jou Elohim vrywillig beloof het—wat jy met jou mond gespreek het.

Num 30:1 En Moses het met die stamhoofde van die kinders van Israel gespreek en gesê: Dit is die saak wat Yahweh beveel het:
Num 30:2 As iemand aan Yahweh 'n gelofte doen of 'n eed sweer waardeur hy homself verbind om hom van iets te onthou, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet handel volgens alles wat uit sy mond uitgaan.

Matt 12:34 Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond.
Matt 12:35 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.
Matt 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.
Matt 12:37 Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.

2 Tim 3:3 "sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,..."

Hier word 'n aantal kenmerke gelys wat vandag algemeen en duidelik in huwelike gesien word waar die huweliksverbond verbrokkel het. In vroe 1900's was die egskeidingsyfer tussen 1 en 2 persent. Die syfer het met ongeveer 60% gestyg en kan waarskynlik veel hoër wees omdat menigte mense saamwoon sonder om in die eg verbind te word soos deur die Woord voorgeskryf. Geloftes en beloftes beteken feitlik niks meer vir die algemene meerderheid van mense nie. Selfs die eenvoudigste beloftes word verbreek of verander met 'n verskoning om nie die verbintenis na te kom nie, soos om iemand te help verhuis, of om 'n ander se baba op te pas, of selfs die verbintenis aan Elohim om meer van jouself te gee. Om te hou by jou woord is vir Yahweh van

kardinale belang. Die Hemelse Vader verwag van ons, Sy verbondsvolk, om ons beloftes na te kom, veral wanneer dit in Sy Heilige Naam afgelê word.

'n Verbondsbelofte is bindend en daarom die mees belangrik en heiligste ooreenkoms tussen twee of meer partye. Die huweliksverbond is 'n driekantige gelofte wat deur die man en vrou aan Yahweh gemaak word, voor getuies wat die amptelike gelofte bindend maak.

18.2 Die heiligste verbond

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.
Heb 9:16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;
Heb 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.
Heb 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;

Deut 22:13 As 'n man 'n vrou neem en by haar ingaan en haar dan haat
Deut 22:14 en haar slegte dinge nagee en 'n slegte gerug oor haar versprei en sê: Hierdie vrou het ek geneem, en toe ek naby haar kom, het ek die maagdom nie aan haar gevind nie,
Deut 22:15 dan moet die vader en die moeder van die dogter die bewys van die dogter se maagdom neem en na die oudstes van die stad by die poort uitbring.
Deut 22:16 En die vader van die dogter moet aan die oudstes sê: Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy het haar gehaat;
Deut 22:17 en kyk, hy het haar slegte dinge nagegee deur te sê: Ek het aan jou dogter die maagdom nie gevind nie—maar dit is die bewys van my dogter se maagdom. En hulle moet die kledingstuk voor die oudstes van die stad uitsprei.
Deut 22:18 Dan moet die oudstes van dié stad die man neem en hom tugtig
Deut 22:19 en hom 'n boete van honderd sikkels silwer oplê en dit aan die vader van die dogtergee, omdat hy 'n slegte gerug oor 'n jongmeisie van Israel versprei het. Verder moet sy sy vrou wees; hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie.

Die huweliksverbond is 'n bloed verbond. Die bruid en bruidegom word met 'n plegtige seremonie in die eg verbind, daarna op die eerste huweliksnag wanneer die egpaar met hul eerste seksuele omgang sal daar bloed aan die laken wees as gevolg van die maagdevlies wat gebreek word.

18.3 Wat het gebeur as die maagdom nie gevind word nie?

Deut 22:20 Maar as hierdie woord waarheid is: Die maagdom is aan die dogter nie gevind nie—
Deut 22:21 dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring, en die manne van haar stad moet haar stenig, dat sy sterwe, omdat sy 'n skanddaad in Israel begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.
Deut 22:22 As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei.

Indien 'n meisie voor huwelikse omgang met 'n ander gehad het, sou die teken van maagdelikheid (na haar eerste huweliksnag) nie op die laken gevind word nie en daarom sou sy gestenig word.
In vandag se Westerse samelewing is daar miskien 1 tot 2% enkellopers wat nog 'n maagd is met hul troudag. In die moderne samelewing het 'n kultuur ontstaan van intieme, voor huwelikse afsprake onder enkellopers. Dit is Satan se doel om die gesin struktuur en Yahweh se geregtelike familie orde uit te roei deur sy progressiewe, voor huwelikse saamleef verhoudings die norm te maak. Meeste mense aanvaar en verwelkom verhoudings van losse sedes, in plaas van die heilige huweliksverbond. Die oorspronklike mandaat en doel van die huweliksverbond wat terug dateer na die tuin van Eden gaan verlore as gevolg van Satan se “New Age” kultuur.

18.4 Die begin van die huweliksverbond

Gen 2:18 Ook het Yahweh Elohim gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.
Gen 2:21 Toe Yahweh Elohim 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.
Gen 2:22 En Yahweh Elohim bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.
Gen 2:23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.
Gen 2:24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.
Gen 2:25 En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

Mark 10:6 maar van die begin van die skepping af het Yahweh hulle man en vrou gemaak.
Mark 10:7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,
Mark 10:8 en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.
Mark 10:9 Wat Yahweh dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

18.5 Die huweliksverbond is vir gelowiges sowel as nie-gelowige mans en vrouens wat deur Yahweh in die eg verbind word.

Gen 2:23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.
Gen 2:24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

Matt 14:1 En in daardie tyd het Herodes, die viervors, die gerug van Yahshua gehoor
Matt 14:2 en aan sy knegte gesê: Hierdie man is Johannes die Doper. Hy het uit die dode opgestaan, en daarom werk dié kragte in hom.
Matt 14:3 Want Herodes het Johannes gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit vanweë Heródias, die vrou van Filippus, sy broer.
Matt 14:4 Want Johannes het vir hom gesê: ***Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie****.*

Die huweliksverbond is nie 'n mensgemaakte instelling nie. Vanuit die Skrif lees ons dat Yahweh die huwelik tussen man en vrou in die Tuin van Eden ingestel het sodat man en vrou mekaar te hulp staan. In *Genesis 2* word bevestig dat die huweliksverbond vir die samesyn tussen man en vrou bedoel is, met ander woorde 'n monogame, heteroseksuele verhouding tussen man en vrou wat alleenlik ontbind word wanneer een van die eggenote sterf.

Sedert die begin van die huweliksverbond was daar nie vooraf of na die tyd 'n ommekeer of terugdraai proses soos egskeiding nie. In *Genesis*, na die skepping, was daar nie sprake van 'n gelowige of nie-gelowige nie. Die huweliksverbond is van die begin dieselfde vir elke mens hetsy gelowige of nie-gelowige die standaard bly dieselfde. Yahweh hou elke mens verantwoordelik vir hul keuses. Om hierdie punt te bewys, kyk ons na *Mattheus 14*.

Johannes die Doper het vir Herodes gesê dat dit nie wettig vir hom is om met sy broer se vrou te trou nie. Die Joodse historikus, Josephus, 'n tydgenoot van Herodes het skriftelik gedokumenteer dat Heródias reeds van Filippus geskei was; maar tog het Johannes gesê dat sy nogsteeds die vrou van Filippus was. Dit bewys duidelik dat Johannes teen die leerstelling van egskeiding en weer trou was en het vas geglo dat dit verkeerd is in die oë van Yahweh. Vandag word meeste huwelike bevestig in 'n gewyde en plegtige omgewing waar die gelofte tussen man en vrou voor getuies uitgeruil word. Die gebruik en omvang van die seremonie wissel van bruilof tot bruilof, maar die bedoeling van 'n lewenslange verbintenis tot mekaar in die teenwoordigheid van getuies bly nogsteeds dieselfde as die plegtigheid in die Tuin van Eden as gevolg van die ernstige aard

van die huweliksverbond wat terug dateer na die Skepping. Ware liefde, vrede en harmonie spruit voort vanuit die ordelike instelling van die huwelik, familie samestelling en die rol wat deur die man en vrou vervul moet word soos deur die Woord voorgeskryf.

18.6 Wat is die man se verantwoordelikheid in die verbondsverhouding?

*Efe 5:25 **Manne, julle moet jul eie vroue liefhê**, soos Messias ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het*
Efe 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
Efe 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.
*Efe 5:28 So behoort die **mans hulle eie vroue lief te hê** soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;*

*1 Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en **aan die vroulike geslag**, as die swakkere, **eer bewys**, omdat **julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is**—sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.*

Num 30:6 Maar as sy trou terwyl haar geloftes op haar rus of iets wat onverskillig uitgespreek is, waardeur sy haarself verbind het,
Num 30:7 en haar man daarvan hoor, op watter dag ook al, en teenoor haar swyg, dan sal haar geloftes van krag wees, en elke onthouding waartoe sy haarself verbind het, sal van krag wees.
Num 30:8 Maar as haar man op die dag dat hy daarvan hoor, haar terughou, dan maak hy haar gelofte tot niet wat op haar rus, en ook wat onverskillig uitgespreek is, waardeur sy haarself verbind het; en Yahweh sal haar dit vergewe.

18.7 Wat is die vrou se verantwoordelikheid?

*Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en **na jou man sal jou begeerte wees**, en hy sal oor jou heers.*

*Efe 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans **onderdanig, soos aan Yahweh**.*
Efe 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Messias ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.
Efe 5:24 Maar soos die gemeente aan Messias onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.

1 *Pet 3:1 Net so moet julle, **vroue, aan jul eie mans onderdanig wees**, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word*
1 Pet 3:2 as hulle jul reine, "opregte" wandel aanskou het.
1 Pet 3:5 Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op Elohim gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig,
1 Pet 3:6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom "adon" genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Die Skrif definieer die man en vrou se spesifieke verantwoordelikhede wat in die verbondsooreenkoms uitgevoer moet word. Die man moet sy vrou liefhê soos sy eie liggaam, haar beskermer wees en voorsiening maak vir die basiese behoeftes. Die man moet die welsyn en veiligheid van sy vrou en familie bo sy eie belange, eerste plaas in 'n omgewing waar hulle in veiligheid en vrede kan saamwoon.

Die vrou se verantwoordelikheid is om onderdanig te wees aan haar man sodat sy haar eggenoot se doelwitte en ambisies ondersteun; om die kinders te versorg, na die huishouding omsien en seker te maak dat sy haar man aanvul in die gebiede waar hy ontbreek.

Gen 2:18 Ook het Yahweh Elohim gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp (H5828) maak wat by hom pas.

Die Hebreeuse woord vir eggenoot beteken letterlik "voltooi" soos die hand 'n handskoen gebruilik maak. In die moderne samelewing beëindig meeste huwelike in egskeiding omdat die betrokke partye nie hul rol vervul soos deur Yahweh voorgeskryf nie. Baie mans is selfsugtig met hul tyd en besig met ander aktiwiteite; betoon nie opregte liefde vir vrou en kind nie en voldoen ook nie aan die gesin se fisiese en geestelike lewens nie. Vrouens is eiesinnig, nie onderdanig aan die man nie, is meer ingestel om hul eie begeertes te verwesenlik eerder as om te voldoen aan die begeertes van hul man. Die begeertes van man en vrou moet gebaseer wees op *Genesis 1:28*, om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul sodat veelvuldige, nuwe dissipels vir Yahweh se Koninkryk gewerf kan word.

In terme van die vrou se onderdanigheid is daar in sekere gevalle beperkings, soos byvoorbeeld wanneer 'n vrou se eggenoot nie saam met haar 'n verbondsgelowige is nie en hy wil hê dat sy hom in plaas van die Torah gehoorsaam. In so geval moet die vrou die Torah gehoorsaam en aan Yahshua onderdanig wees. Die huweliksverbond is 'n skaduwee van Yahshua die Messias wat die ware bruidegom van verbondsgelowiges is, daarom moet ons gehoorsaamheid aan Yahshua altyd eerste bo die gehoorsaamheid aan 'n eggenoot stel.

18.8 Volgens die Skrif is dit sonde as iemand sy / haar eggenoot verlaat en met 'n ander trou.

Matt 5:31 Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee.
Matt 5:32 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.

Matt 19:9 Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.

Mark 10:6 maar van die begin van die skepping af het Yahweh hulle man en vrou gemaak.
Mark 10:7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,
Mark 10:8 en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.
Mark 10:9 Wat Elohim dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.
Mark 10:10 En in die huis het sy dissipels Hom weer oor dieselfde saak gevra.
Mark 10:11 En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar;
Mark 10:12 en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk.

Luk 16:18 Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk.

In die Nuwe Testament sê Yahshua, Messias van Israel, dat dit sonde is om van jou verbondsmaat te skei en met 'n ander te trou. Dit is sonde om egbreuk te pleeg.

18.9 Was priesters verbied om te skei en weer te trou?

Lev 21:13 En hy moet 'n vrou in haar maagdelike staat neem.
Lev 21:14 "'n Weduwee of een wat verstoot is of 'n onteerde, of 'n hoer hulle moet hy nie neem nie; maar 'n jongmeisie uit sy volksgenote moet hy as vrou neem,.."

Priesters in die Ou (Eerste) Verbond was verbied om te skei en weer te trou omrede die huweliksverbond heilig is en die feit dat hulle in diens van Yahweh gestaan het. Nuwe verbondsgelowiges moet des te meer die huweliksverbond eer met die medewete dat hulle die bruid van die Messias is en opgelei word as priesters van die ewige orde van Melgisédek.

18.10 Wat was die apostel Paulus se standpunt van egskeiding en weer trou?

*1 Kor 7:10 En aan die getroudes beveel ek—nie ek nie, maar Yahweh—dat **die vrou nie van die man moet skei nie**;*
*1 Kor 7:11 en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat **die man sy vrou nie moet verstoot nie**.*

Paulus stel dit duidelik dat die vrou en man aan mekaar getrou moet bly. Indien die vrou byvoorbeeld deur haar man mishandel word en die huwelik word beëindig met egskeiding, mag nie sy of die man weer trou hetsy die man en vrou versoen en met mekaar in die eg verbind word. Nêrens in die Woord van Yahweh word dit genoem dat jy weer met 'n ander persoon mag trou na 'n egskeiding nie.

18.11 'n Verbondsgelowige, getroud met 'n onbekeerde eggenoot.

1 Kor 7:12 Maar vir die ander sê ek—nie ons Meester nie—as enige broeder ‘n ongelowige vrou het en sy dit goedvind om met hom saam te lewe, moet hy haar nie verstoot nie;
1 Kor 7:13 en as ‘n vrou ‘n ongelowige man het, en hy dit goedvind om met haar saam te lewe, moet sy hom nie verstoot nie.
1 Kor 7:14 Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.
*1 Kor 7:15 Maar **as die ongelowige wil skei, laat hom skei**. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar Elohim het ons tot vrede geroep.*
1 Kor 7:16 Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?

Paulus bly in ooreenstemming met die huweliksverbond soos in die Skrif uiteengesit. Indien een van die eggenote tot geloof kom, maar nie die ander nie, dan moet die verbondsgelowige volkome vertroue in Yahweh stel en geduldig met die huwelik voortgaan. Maar as die onbekeerde eggenoot uit sy of haar eie besluit om die bekeerde eggenoot te verlaat dan sê Yahweh dat die broeder of suster in so geval nie gebonde is nie.

Mattheus 5:32 beaam,egskeiding is egbreuk. In die geval waar 'n geskeide man met met 'n ander vrou trou en die eerste vrou bly ongetroud dan is hulle almal skuldig aan egbreuk.
Maar in die geval waar 'n onbekeerde maat nie by 'n gelowige eggenoot wil bly nie, dan sal die gelowige eggenoot nie gebonde wees aan die sonde van egbreuk wanneer die onbekeerde maat besluit om die gelowige maat te verlaat en met 'n ander te trou nie.

18.12 'n Persoon wat geskei en weer getrou het voordat hulle verbondsgelowiges geword het hoef nie hul huidige eggenoot te verlaat om by die nuwe verbond aan te sluit nie.

1 Kor 7:17 Maar elkeen moet wandel net soos Elohim hom dit toebedeel het, soos Yahweh elkeen geroep het. En so bepaal ek in al die gemeentes.
1 Kor 7:18 Is iemand as ‘n besnedene geroep—hy moet die besnydenis nie laat verander nie; is iemand as onbesnedene geroep—hy moet hom nie laat besny nie.
1 Kor 7:19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van Elohim.
1 Kor 7:20 Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is.

1 Kor 7:24 Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor Elohim.

“...*in die staat waarin hy geroep is*...” beteken, wanneer 'n egpaar alreeds in hul tweede huwelik verbind is en dan by die Nuwe Verbond wil aansluit, is dit nie nodig om van hul huidige eggenoot te skei om 'n verbondsgelowige te word nie.

'n Geskeide enkelloper kan gedoop word en by die Nuwe Verbond aansluit, alhoewel hy / sy dan nie met 'n mede verbondsgelowige broeder of suster mag trou totdat die eerste eggenoot gesterf

het nie; ongeag die feit dat die eerste eggenoot nie tot geloof gekom het nie.

Rom 7:2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.
Rom 7:3 Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.

1 Kor 7:39 'n Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in Yahweh.

Dit wil sê,'n verbondsgelowige weduwee of wewenaar kan weer trou, op voorwaarde dat dit met 'n mede verbondsgelowige is.

Egskeidings en tweede huwelike was nog nooit die wil van die Hemelse Vader nie, maar in 'n sondige onvolmaakte wêreld is daar soms wette wat in konflik staan met mekaar. Byvoorbeeld, die vierde gebod is om die Sabbat te heilig, maar 'n prediker of pastoor werk dan op die Sabbat. Is dit nie teenstrydig met die vierde gebod nie? 'n Prediker werk waarskynlik harder op die Sabbat as enige ander dag wanneer hy sy gemeente toespreek. In sulke gevalle waar die wette in konflik staan, sal die Wet van die liefde altyd die deurslag gee. Dit is dan ook in die geval van egskeiding en weer trou.

Hand 17:30 Elohim het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,

In tye van onkunde was ons oorgesien, maar sodra 'n mens in verbondsverhouding staan is die verantwoordelikheid veel groter want onderskeid kan getref word tussen reg en verkeerd. Die verbondsbelofte is ernstig. Indien 'n persoon, voor die doop, die huweliksverbond betree met 'n tweede eggenoot, sonder die medewete dat dit egbreuk is, word daar nêrens in die Skrif gesê dat die nuut bekeerde persoon sy eggenoot moet verlaat en na die vorige een teruggaan nie. Inteendeel, *Deuteronomium 24* sê indien 'n vrou haar eerste man verlaat en met 'n ander trou, kan sy nooit teruggaan na die eerste man nie.

'n Verbondsbelofte is uiters belangrik, soveel so, dat Yahweh Sy verbondsvolk verantwoordelik gehou het vir die belofte wat hulle gemaak het, selfs toe dit teen Sy wil was. *Josua 9* is die perfekte voorbeeld hiervan.

Yahweh het aan Josua gesê om **nie 'n verbond te sluit met die mense van die land nie**, maar Josua het teen Yahweh se wil die verbond gesluit met die Gibeoniete. Ondanks die feit dat Josua in die verbondsbelofte gekul was moes hy nogsteeds die gelofte gestand doen. Dit was ook die geval met Jakob (Israel). Hy het sy vader Isak gekul om die seën van die eersgeborene te ontvang wat volgens Skrif aan Esau behoort het. Yahweh het die seën vereer selfs nadat Isak besef het dat hy deur Jakob bedrieg was. Isak kon niks doen om die belofte wat hy gemaak het te herroep nie (*Genesis 27*).

Nog 'n voorbeeld is die geval waar Jefta gestand moes doen aan sy belofte selfs al was dit teen Yahweh se wil. 'n Menslike offer dra nie Yahweh se goedkeuring weg nie, maar Jefta het sonder deurdagte denke belowe om die persoon te offer wat hy met sy terugkoms van die oorlog eerste by die voordeur sien uitkom. Daardie persoon was sy enigste dogter.

Indien 'n tweede huwelik aangegaan word en die eggenote is alreeds gedoop en in 'n verbondsverhouding met Yahweh, dan weet hulle dat dit as sonde gereken word, maar in totale rebellie het hulle voortgaan met die huweliksverbond. In die geval word die verbond nie deur Yahweh vereer nie en die partye moet onmiddellik skei en berou oor dit wat hulle wetend gedoen het. Yahweh het nie die owerspel tussen Dawid en Batseba goedgekeur nie, maar Hy het dit toegelaat, selfs ná die moord van Uría. Die sleutelwoord hier is "toegelaat" en nie "goedgekeur" nie.

Vanuit die bogenoemde Skrif maak mense die verkeerde gevolgtrekkings oor homoseksuele verhoudings. Hulle argumenteer dat twee homoseksuele mans ook in staat sal wees om berou te betoon met die doop en daarna nogsteeds hul huwelik kan voortsit in die gemeente. Die gevolgtrekking kan nie gemaak word nie want 'n homoseksuele huwelik was nog nooit deur Yahweh wettig verklaar, toegelaat of goedgekeur nie. 'n Tweede huwelik (hoewel toegelaat in die Torah, maar nie die wil van Yahweh nie) kan nie vergelyk word met 'n verhouding tussen twee mans nie. Homoseksualiteit was nog nooit toegelaat of goedgekeur nie. Dit was nog altyd en sal vir altyd 'n verfoeilike sonde wees. 'n Prostituut wat tot geloof geroep word en haar beroep as prostituut opreg berou sal nie kan voortgaan met prostitusie in die verbondsverhouding nie. Prostitusie was nooit in die Skrif toegelaat of goedgekeur nie. In die Skrif was dit toegelaat dat een man met meer as een vrou in die eg verbind kon word, maar dit was nie goedgekeur nie. Dit is 'n wet in konflik en die wet van die verbond neem die presedent in die geval.

Volgens Torah, indien 'n persoon deur onkunde gesondig het, sou die priester 'n sonde offer vir daardie persoon kon doen, (*Num 15:22-28*) maar as iemand in rebellie gesondig het met die medewete dat dit wat hy doen verkeerd is, dan was daardie persoon uitgeroei vanuit sy volk.

Num 15:30 Maar die siel wat iets moedswillig doen, van die kinders van die land of van die vreemdelinge, hy versmaad Yahweh; en dié siel moet uitgeroei word onder sy volk uit.
Num 15:31 Want die woord van Yahweh het hy verag en sy gebod verbreek. Dié siel moet sekerlik uitgeroei word; sy ongeregtigheid is op hom.

Daar is 'n duidelike verskil tussen iemand wat skei en weer trou voordat hulle weet wat die woord van Yahweh sê en voordat hulle in verbondsverhouding met Yahweh staan; teenoor iemand wat alreeds in verbondsverhouding staan, van sy eggenoot skei en weer trou. Yahshua het gesê dat dit egbreuk is en dat daardie persoon op 'n hoër standaard aanspreeklik gehou sal word en uit die gemeente gesit sal word totdat die owerspel beëindig is en die persoon berou betoon vir sy sonde. Die egskeidings brief is 'n stuk papier van 'n regter wat verklaar dat die huwelik beëindig is. Volgens die Skrif word dit bevestig dat 'n egskeiding nie die man se verantwoordelikheid wegneem om die vrou van sy jeug, wat hy verstoot het, te versorg nie. Dit is die minste wat die man na bekering kan doen met die kennis van die waarheid dat sy nogsteeds sy vrou is.

Mal 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat Yahweh getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond.
Mal 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het ‘n geslag van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.
*Mal 2:16 **Want Ek haat egskeiding, sê Yahweh**, die Elohim van Israel, en dat ‘n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê Yahweh van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.*

Alhoewel veelvoudige huwelike nie die wil van Yahweh is nie, het Hy dit toegelaat op voorwaarde dat die man vir elke vrou kon sorg, hetsy 'n hof of regter vir hom 'n egskeidings brief gegee het of nie. Let wel, dit was nie die Hemelse Vader se bedoeling vir die man om meer as een vrou te hê nie; dit was nooit in die Torah as “sonde” gedefinieer nie.

1 Sam 25:40 Toe het die dienaars van Dawid by Abígail gekom in Karmel en met haar gespreek en gesê: Dawid stuur ons na u om u vir hom as vrou te neem.
1 Sam 25:41 En sy het opgestaan en met haar aangesig na die aarde gebuig en gesê: Hier is u dienares as slavin om die voete van my heer se dienaars te was.
1 Sam 25:42 Abígail maak toe gou klaar, en sy het op die esel gery met haar vyf diensmeisies wat op haar voetspoor volg, en agter die boodskappers van Dawid aangegaan. En sy het sy vrou geword.
1 Sam 25:43 Dawid het ook Ahínoam uit Jísreël geneem, sodat hulle altwee sy vroue geword het.
1 Sam 25:44 Maar Saul het sy dogter Migal, die vrou van Dawid, gegee aan Palti, die seun van Lais, wat uit Gallim was.

Wanneer Dawid gesondig het was dit duidelik genoem en ook dat hy vir daardie sonde gestraf was. In die bogenoemde geval, asook ander insidente in die *Tanak* word veelvuldige huwelike nie vereenselwig met sonde nie, maar wel dat Elohim ons daarteen waarsku (*Deut 17:17*). Die rede waarom 'n nuwe gelowige by sy tweede vrou kan bly en haar nie verlaat nie is omdat Yahweh in die *Ou Verbond* die man toegelaat het om meer as een vrou te hê. Let wel, in die *Nuwe Verbond* sê Yahshua duidelik dat dit nie die wil van Yahweh is nie.

Indien meer as een vroulike eggenoot in die Eerste Verbond nie Yahweh se goedkeuring weggedra het nie, sou Natan (wie in Yahshua se geslagsregister voorkom) nie koning Dawid (*Luk 3:31*) se wetlike seun van sy vyfde vrou Bátseba wees nie.

Volgens die Skrif word dit bewys dat Yahweh gelowiges anders oordeel as nie-gelowiges. Sy verbondsvolk ken en verstaan Sy waarheid, maar nie-gelowiges weet nie van beter nie. Byvoorbeeld, 'n gelowige trou met 'n nie-gelowige. *1 Kor 7:39* bevestig dat dit nie toelaatbaar is nie. Maar as twee ongelowiges trou en daarna word die een tot geloof in Yahweh geroep dan sê Paulus in so situasie moet die huwelik voortgaan (*1 Kor 7:13-14*). Sy redenasie is dat die gelowige eggenoot se voorbeeld en liefde die nie-gelowige tot geloof kan bring. Daar kan geargumenteer word dat dieselfde geld vir die eerste scenario waar die gelowige eggenoot trou met 'n nie-gelowige, maar Paulus sê duidelik dat dit veroordeel word en nie toelaatbaar is nie.

Die situasie waarin jy jouself bevind wanneer jy tot geloof kom en 'n verbondsverhouding met Yahweh aangaan is dieselfde situasie waarvan die "*status quo"* gehandhaaf moet word. Byvoorbeeld, 'n geskeide man wat tot geloof geroep word mag nie met 'n ander vrou trou nie (*1 Kor 7). H*y moet ongetroud bly of met sy vrou versoen. As gevolg van die ernstige aard van die huweliksverbond kan 'n ouderling slegs in die gemeente ingeseën word as hy die man van een vrou is (*1Tim 3:2*).

18.13 Paulus se advies aan 'n maagd, wat nog nooit voorheen getroud is nie.

1 Kor 7:25 In verband met die maagde het ek geen bevel van Yahweh nie, maar ek gee my mening as iemand wat deur die barmhartigheid van Yahweh betroubaar is.
1 Kor 7:26 Ek meen dat dit goed is vanweë die aanstaande nood—dat dit goed is vir 'n mens om so te bly.
1 Kor 7:27 Is jy aan 'n vrou verbonde, moenie losmaking soek nie; is jy los van 'n vrou, moenie 'n vrou soek nie.
1 Kor 7:28 Maar as jy tog trou, sondig jy nie; en as 'n maagd trou, sondig sy nie. Maar sulke mense sal verdrukking hê vir die vlees, en ek wil julle spaar.

Neem asseblief kennis dat Paulus in *vers 27 en 28* spesifiek praat met 'n maagd (ongetroude man of vrou) wat 'n verlowings ooreenkoms onderteken het en in die proses was om te trou. Hulle was nog nie amptelik getroud nie en het dus nog nie die huweliksverbond voltrek deur die eerste huweliksnag saam te wees nie.

In antieke Israel was 'n verlowing 'n amptelike, bindende ooreenkoms met die familie van die bruid, met 'n huwelikskontrak wat slegs gebreek kon word VOOR die huweliksdag wanneer die gelofte gemaak word en die huwelik voltrek word. Indien een van die partye tydens die verlowings periode ontrou sou wees of daar bevind was dat bedrog gepleeg is kon die ooreenkoms ontbind word. Alleenlik onder sulke omstandighede kon die bindende ooreenkoms gekanselleer word en die onskuldige party met 'n ander persoon trou, hoewel Paulus daarteen geadviseer het. Let wel, sodra die huwelik gelofte afgelê was en die huwelik voltrek was, kon net die dood van 'n eggenoot die verbond verbreek omrede Yahweh die twee mense bo-natuurlik een (*echad*) gemaak het (*Gen 2:21-24*).

18.14 Paulus se persoonlike redes om 'n enkelloper te bly as om te trou.

1 Kor 7:32 En ek wil hê dat julle onbesorg moet wees. Die ongetroude is besorg oor die dinge van Adonai, hoe hy Adonai sal behaag,

1 Kor 7:33 maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe hy die vrou sal behaag.
1 Kor 7:34 Daar is ook onderskeid tussen ‘n vrou en ‘n maagd; die ongetroude is besorg oor die dinge van Adonai om heilig te wees na die liggaam sowel as na die gees, maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe sy die man sal behaag.
1 Kor 7:35 Ek sê dit tot julle eie voordeel, nie om julle van jul vryheid te beroof nie, maar met die oog op ‘n welvoeglike en onafgebroke toewyding aan Yahweh.
1 Kor 7:36 Maar as iemand meen dat hy onwelvoeglik met sy maagd handel as sy oor die jeugdige leeftyd is, en dit so moet wees, laat hom doen wat hy wil. Hy sondig nie. Laat hulle trou.
1 Kor 7:37 Maar hy wat in sy hart vasstaan en nie onder dwang verkeer nie, maar mag het oor sy eie wil en dit in sy eie hart besluit het om sy maagd te bewaar, hy doen goed.
1 Kor 7:38 Daarom, ook hy wat in die huwelik uitgee, doen goed; maar hy wat in die huwelik nie uitgee nie, doen beter.

Onthou, die omstandighede waaronder Paulus dit geskryf het was omdat hy geglo het dat Yahshua se wederkoms op hande was en dat Sy Koninkryk binnekort op aarde gevestig sou word. Later, toe hy besef dat dit nie die geval is nie, het hy van mening verander en het die weduwees en maagde aangemoedig om te trou.

1 Tim 5:14 Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie.

Paulus beëindig die hoofstuk met sy standpunte oor egskeiding en weer trou.

*1 Kor 7:39 **‘n Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe**; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in Yahweh.*

In die brief aan die Romeine, stel Paulus sy posisie duidelik.

*Rom 7:2 Want **die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde**; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.*
*Rom 7:3 Daarom dan, **as sy ‘n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ‘n egbreekster genoem word**; maar **as die man sterwe, is sy vry van die wet**, **sodat sy nie ‘n egbreekster is as sy ‘n ander man s’n word nie.***

Daar is absoluut geen aanduiding in *1 Korintiërs 7* wat aandui dat die apostel Paulus egskeiding en 'n tweede of derde huwelik goedkeur nie. Die bogenoemde Skrif sê duidelik wat sy posisie is: "...***die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde;...”*** en “...***as sy ‘n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ‘n egbreekster genoem word;...”***

18.15 Wat sê die Torah in *Deuteronomium 24* oor egskeiding en weer trou?

Deut 24:1 As ‘n man ‘n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar ‘n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur,
*Deut 24:2 en **sy uit sy huis uittrek en weggaan en ‘n ander man s’n word**,*
Deut 24:3 en dié laaste man haar haat en haar ‘n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, of as dié laaste man sterwe wat haar vir hom as vrou geneem het—
*Deut 24:4 **dan mag haar eerste man wat haar weggestuur het, haar nie weer neem, dat sy sy vrou word nadat sy onrein geword het nie**; want dit is ‘n gruwel voor die aangesig van Yahweh, en jy mag op die land wat Yahweh jou Elohim jou as erfenis sal gee, geen skuld laai nie.*

Nêrens in die Skrif word 'n tweede huwelik na 'n egskeiding goedgekeur of toegelaat nie. As jy die Skrif noukeurig lees sê dit presies die teenoorgestelde. Die Skrif waarsku die vrou; indien haar man van haar wil haar skei moet sy goed nadink voordat sy instem om hom te verlaat, want as sy hom verlaat en met 'n ander man trou en daardie man haar ook skei, kan sy nooit terug gaan

na haar oorspronklike man nie, want dan word sy as "onrein" beskou. Dit sê vir ons dat Yahweh nie egskeiding goedkeur nie en ook nie dat 'n geskeide persoon met 'n ander man of vrou trou nie. Die Torah waarsku ons teen egskeiding en weer trou, want in die Nuwe Verbond word die misterie van die huweliksverbond geopenbaar; die gemeente is die bruid van die Messias.

Efe 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan Yahweh.
Efe 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Messias ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.
Efe 5:24 Maar soos die gemeente aan Messias onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.
Efe 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Messias ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het
Efe 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
Efe 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.
Efe 5:28 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;
Efe 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos Yahweh die gemeente.
Efe 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.
Efe 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.
Efe 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Messias en die gemeente.

Op 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.
Op 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.

Die huweliksverbond is 'n heilige instelling van Yah Yahweh die Vader. Dit versinnebeeld die verhouding wat Sy Seun, Yahshua met sy heilige gelowiges verewig sal hê. In die eerste verbond was die patriarg Abraham 'n voorbeeld van die rol wat die man in die familie moet speel, daarom het Yahweh dit by tye toegelaat dat die man meer as een vrou kon hê. Maar, in die Nuwe Verbond is ons gesamentlik die bruid van die Messias en Yahshua die bruidegom, daarom soos in *Deuteronomium 24* wanneer die vrou haar man verlaat mag sy nooit weer na hom terugkeer indien sy met 'n ander getrou het nie; indien jy wegdraai van Yahshua die Bruidegom sal jy ook nooit weer na Hom kan terugkeer nie.

Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,
Heb 6:5 en die goeie woord van Elohim gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,
Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van Elohim weer kruisig en openlik tot skande maak.

In die verlede het Yahweh die onkunde van Israel oorgesien as gevolg van hul gebrek aan begrip en insig van Sy Woord, maar vandag het Sy verbondsvolk die Heilige Gees wat ons lei, daarom is daar geen verskoning vir 'n ware gelowige om sy wettige vrou te verlaat en met 'n ander te trou nie. 'n Verbondsgelowige wat skuldig is aan die sonde van egbreek sal nie in die Koninkryk van Yahweh wees nie.

1 Kor 6:9 Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van Elohim nie sal beërwe nie?
1 Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van Elohim beërwe nie.

18.16 Aangesien ons die bruid van die Heilige Yahshua die Messias is, vereis Yahweh dat ons voorbereid moet wees vir ons heilige roeping

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand Yahweh sal sien nie;

Matt 10:36 En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees.
Matt 10:37 Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.
Matt 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.
Matt 10:39 Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.
Matt 10:40 Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

Kol 3:1 As julle dan saam met Yahshua opgewek is, soek die dinge daarbo waar Yahshua is en aan die regterhand van Elohim sit. (Ps 110:1)
Kol 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.
Kol 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Yahshua verborge in Elohim.
Kol 3:4 Wanneer Messias, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.
Kol 3:5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,
Kol 3:6 waardeur die toorn van Elohim oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,
Kol 3:7 waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.
Kol 3:8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.
Kol 3:9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het
Kol 3:10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,
Kol 3:11 waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, andertalig, slaaf, vryman is nie, maar Messias is alles en in almal.
Kol 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van Elohim, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.
Kol 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Messias julle vergeef het, so moet julle ook doen.
Kol 3:14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.
Kol 3:15 En laat die vrede van Elohim, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.
Kol 3:16 Laat die woord van Messias ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van Yahweh.
Kol 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van Yahshua die Messias en dank Yahweh die Vader deur Hom.
Kol 3:18 Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in Yahweh.
Kol 3:19 Manne, julle moet jul vroue liefhê en nie teen hulle verbitter word nie.
soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle Elohim vrees.
Kol 3:23 En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir Yahweh en nie vir mense nie,
Kol 3:24 omdat julle weet dat julle van Yahweh die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien Yahshua die Messias.

Die Nuwe Verbondsgelowige moet besef, nadat hy / sy gedoop word, word daar in werklikheid 'n huweliksverbond met Yahshua die Messias aangegaan. Dit gaan gepaard met 'n groot verantwoordelikheid om binne die verbond sy / haar rol as onderdanige bruid te vervul. Ons moet daagliks ons eie belange ontken en groei in geloof en liefde vir Yahshua ons bruidegom in afwagting. Volgens die ou huweliksverbond moes die bruidegom 'n bruidskat aan die vader van die bruid betaal om haar letterlik as sy vrou te koop. Yahshua, bruidegom van Sy verbondsvolk het Sy lewe vir ons gegee en ons deur Sy eie bloed gekoop.

1 Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van Elohim het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
1 Kor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik Elohim dan in julle liggaam en in julle gees wat aan Elohim behoort.

Hand 20:28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van Elohim te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

Gevolgtrekking: Die huweliksverbond is 'n heilige bloedverbond wat terug dateer na die Skepping. Die doel van die verbond is 'n fisies en geestelike verbintenis tussen man en vrou totdat een van die verbondsvennote sterf. In die Skrif word egbreuk gedefinieer as die verbreking van die huweliksverbond wanneer een eggenoot die ander verlaat om met 'n ander party te trou.

Die huweliksverbond tussen man en vrou is heilig want dit versinnebeeld die verbondsooreenkoms tussen Yahshua en verbondsgelowiges wat vir ewig in die Koninkryk saam met Hom sal woon. Ware gelowiges kan hierdie opdrag alleenlik vervul wanneer hulle, hul eie belange ontken en daagliks fokus om te groei in die geloof en liefde vir Yahshua, die Bruidegom. Diegene wat getrou binne die verbondsooreenkoms bly, sal as Bruid deel wees van die huweliksmaal saam met die Messias met Sy wederkoms (*Openbaring 19:7-9*). Gelowiges moet soos 'n ware verbonds vrou ten volle onderdanig wees aan Yahshua asook die leierskap wat Hy ingestel het. Die Bruid van die Messias leef in liefde met mekaar, net soos Yahshua se liefde vir ons. 'n Opregte verbondsgelowige sal soos 'n ware bruid nie 'n lewe vir die self in hierdie bose wêreld maak nie, maar sal fokus om 'n ware Bybelse eggenoot te wees deur te lewe vir die doelwitte van die eerste Bruidegom, Yahshua en Sy Koninkryk.

<u>Kortlikse samevatting:</u>

1) Die huwelik is 'n heilige verbond tussen man en vrou wat alleenlik deur Yahweh ontbind kan word wanneer een van die verbondsvennote sterf.
2) Indien 'n verbondsvennoot hul eggenoot verlaat om met 'n ander te trou, is dit volgens die Skrif die sonde van egbreek.
3) Volgens die Nuwe Testament kan 'n egpaar bly in die stand waarin hulle geroep is, met ander woorde, indien dit die een of ander se tweede huwelik is en daarna gedoop word om by die Nuwe Verbond aan te sluit beteken dit nie dat hulle mekaar moet verlaat om na hul eerste eggenoot terug te keer nie.
4) Die huweliksverbond is heilig, want dit versinnebeeld die huweliksverbond van Yahshua met Sy dissipels.
5) In die huweliksverhouding moet geregtelike orde gehandhaaf word. Die man moet sy verbondsvrou in liefde koester en versorg en die vrou moet haar lewe aan haar man toewy sodat hulle saam Elohim se geïnspireerde doelwitte navolg en vervul.
6) Die lewe is 'n toets van getrouheid. Indien getrouheid bewys word aan ons huweliksverbond beloftes, bewys ons aan Yahshua dat ons vir ewig aan Hom getrou sal wees.